

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 14, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Die soeke na ware Christenskap

Soos baie van u wat hierdie tydskrif lees weet, het ek al in die verlede geskryf dat ek 'n redelik "gewone" opvoeding gehad het. Ek het grootgeword in die suidweste van Missouri en was vir 19 jaar lank lidmaat van 'n baie gerespekteerde "hoofstroom" kerk. My ouers het gegradeer in 'n kollege wat deur die groot hoofstroom kerklike denominasie geborg is. Ek was vir 'n jaar of twee president van my Sondagskoolklas. Ek het aan die Joplin Hoërskool gegradeer, was mede-kaptein van die landloopspan en was vir drie agtereenvolgende jaar die uitblikker-atleet in die myl. Ek het uitblink in sokker en was tweemaal die "Goue Handskoen"-bokskampioen. Ek het gevorder tot 'n eerste luitenant in my hoërskool se opleidingskorps vir Reserwe Offisiere. Later het ek Joplin Junior Kollege bygewoon en is verkies tot President van die Junior Kollege Dinee Klub, 'n organisasie wat hulle daarop toegespits het om burgerlike sake en wêreldgebeure te bespreek.

Ek was beslis 'n "gewone" ou, deel van die "hoofstroom-Amerika".

Vroeg in my hoërskooldae is een van my beste vriende egter in 'n stoeigeveg dood. Hierdie tragedie het my daartoe aangespoor om na die werklikheid van God en na ware antwoorde te soek. Ek het tot die besef gekom

dat die werklike "sleutel" tot ware Christenskap is of ons werklik glo en utoeleef wat Jesus Christus en die oorspronklike Apostels geglo en utoeleef het. Wat het hulle van hemel of hel-toe gaan gesê? Wat het hulle oor die ware doel van die lewe gesê? Watter weeklikse en jaarlikse dae van aanbidding het hulle onderhou? Wat het hulle oor die "einde van die wêreld", Christus se wederkoms en wat ware gelowiges sou doen ná Christus se wederkoms gesê? Wat sou ons "beloning" uiteindelik wees?

Die oorspronklike Kerk

Om die legkaart van die moderne "Christendom" wat direk in stryd is met die leer en gebruike van Christus en die oorspronklike Apostels te begryp, is dit noodsaaklik om die lewenswyse van die oorspronklike en ware Moederkerk, die Kerk van God in Jerusalem, te bestudeer.

Paulus skryf aan die hoofsaaklik nie-Joodse gelowiges in Thessalonika: "Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa" (1 Thessalonicense 2:14). Byna al die geskiedkundiges erken dat die oorspronklike Kerk se hoofkantoor in Jerusalem was en dat hulle die voorbeeld gestel het vir die leerstelling en lewenswyses wat deur ware Christene

beoefen is.

'n Gerespekteerde en deeglik nagevorste sekulêre geskiedenis van hierdie tydperk is Edward Gibbon se monumentale werk, *Decline and Fall of the Roman Empire*. Gibbon sê, toe hy van die Apostoliese en ná-Apostoliese eras geskryf het: "Die eerste vyftien biskoppe van Jerusalem was almal besnede Jode; en die gemeente waaroor hulle toesig gehou het, het die Wet van Moses verenig met die leerstellings van Christus. Dit was dus natuurlik dat die vroegste tradisies van 'n kerk, wat slegs veertig dae ná die dood van Christus gestig is en gereeld vir byna net soveel jaar onder die onmiddellike beheer van Sy apostel was, erken sou word as die standaard van wat reg is. Die vërafgeleë kerke het hulle gereeld beroep op die gesag van hulle eerbiedwaardige Ouer" (hfst. 15, Art. 1).

Ek behoort hier uit te wys dat "die wet" wat die vroeë Chris-tene onderhou het, nie die volledige Wet van Moses was nie. Wat die ware Christene wel onderhou het, was die Tien Gebooie, tesame met God se insettinge, alles nou selfs meer uitgebrei in die gees as wat dit in die Ou Testament was. Ware Christene het nie geglo dat hulle moes volhard in die seremoniële aspekte van die Wet van Moses nie en ook nie in die fisiese administrasie van die burgerlike reg wat God aan Israel gegee het nie.

Omdat hierdie vroeë Christene egter nog steeds die

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik –

Die soeke na ware Christenskap

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Sal u agtergelaat word? 3

Vertrou u die "wegraping" om u die eindtydse beproewinge te spaar? Of het God moontlik vir u 'n wonderlike plan in die toekoms?

Die Bybel teenoor die Koran:

Waar is die waarheid? 8

Behoort Moslems die geïnspireerde woorde van die Bybel ernstig op te neem? Behoort u?

Die wonderwerk van D-dag 12

Op 6 Junie 1944, na baie maande van noukeurige beplanning en met 'n geringe kans op gunstige weer, is die militêre veldtog om die nasies van Europa uit Nazi-beheer te bevry, van stapel gestuur.

Klein dingetjies 14

Skenk u aandag aan besonderhede?

U kan profesie verstaan! 16

Bybelprofesie is nie net 'n raaisel wanneer u die lewensbelangrike beginsels aanleer om die versteekte waarhede in die bladsy van u Bybel te ontdek nie!

Môre se Jeug 20

Oud kan goed wees

Het u vlam gevat? 22

Smag u na geregtigheid, of na iets veel minder blywends?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekkantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Sal u agtergelaat word?

Deur Roderick C. Meredith

*Is die “wegrapingsteorie” Bybels, of openbaar die Skrif dat God se plan vir die eindtydse Christene nie is wat die meeste mense glo nie?
U behoort te weet !*

Sal God eendag die Christelike vlieëniers van lugrederye wegraap, terwyl talle “ongerredde” passasiers 'n grusame dood tegemoet gaan? Sal die wêreld se paaie slagysters van die dood word terwyl die motors hulle Christelike bestuurders verloor?

Indien u na 'n tipies Protestantse kerk gaan en 'n honderd mense vra: “Gaan God ware Christene 'wegraap' voor Jesus Christus se wederkoms?”, sal die meerderheid “ja” antwoord. 'n Studie van *Pew Forum* in 2011 het bevind dat 61% van die “evangeliese leiers” verwag dat, net voordat die geprofeteerde eindtydse oordeel op die planeet Aarde uitgestort sal word, gelowiges in die lug opgeraap gaan word om saam met Jesus te wees. Meer as die helfte van die respondente, 52%, het gesê hulle verwag dat die gebeure binne hulle leeftyd sal plaasvind.

Waar kom hierdie idee vandaan? Is dit Bybels? Dit is sekerlik nie die Bybel wat hierdie teorie gewild gemaak het nie. Net soos die moderne idees oor die hel grootliks uit Dante se *Inferno* kom, so aanvaar baie mense deesdae die gewilde uitbeeldings van die wegraping in boeke soos

die *Left Behind*-reeks deur die skrywer Tim LaHaye, as vanselfsprekend.

Die idee van die “wegraping” is nogtans omstrede onder diegene wat hulleself as “Bybelgelowige” Christene beskou. Waarom? Aangesien dit nie uit die Skrif bewys kan word nie en dit nie eers aan die Protestantse wêreld bekend was voor tot onlangs nie. Trouens, dit is teenstrydig met 'n aantal duidelike Bybelse leerstellings aangaande Christus se wederkoms!

U het waarskynlik al voorstellings gesien van die *Left Behind*-scenario. Loodse van Christelike lugrederye word weggeraap terwyl hulle vliegtuie in die see stort. Groot snelweë verander in verskriklike ongeluksgebiede wanneer motors sonder bestuurders teen mekaar bots en beserings en sterftes veroorsaak! U het moontlik al bufferplakkers gesien wat lui: “In die geval van 'n wegraping sal hierdie motor sonder 'n bestuurder wees”! Vir diegene wat in hierdie wegrapingsteorie glo, sal die ongeredde persone nie net agtergelaat word nie, maar baie van hulle sal reguit hel toe gaan en in grusame omstandighede sterf in die afwesigheid van die

“gereddes”.

Watter soort wrede en wispelturige God sal so iets doen?

In sy boek, *Revelation Unveiled*, probeer Tim LaHaye bewys dat die Bybel 'n “wegraping” verkondig. LaHaye begin sy “bewys” deur na Openbaring 4:1-2 te verwys. Hy is nogtans vinnig om te erken (bl. 100): “Die wegraping van die kerk word nie uitdruklik in Openbaring 4 verkondig nie”. Amen!

Kan ons dus in daardie Skrifgedeelte enige aanduiding van 'n “wegraping” vind? Nee! Lees dit vir uself: “Ná hierdie dinge het ek gesien – kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon” (Openbaring 4:1-2).

Dit beskryf uitdruklik dat die apostel Johannes “in die gees” weggeneem is, waarskynlik deur 'n soort kragtige visie, na die troon van God in die derde hemel. LaHaye probeer op een of ander manier redeneer dat die apostel Johannes die Kerk

voorstel, hoewel die Bybel nie eers naastenby sinspeel op enige sodanige verteenwoordiging nie! Intendeel, die Bybel beeld die Kerk altyd uit as 'n vrou – die verloofde bruid van Christus (2 Korinthiërs 11:1-2; Efesiërs 5:22-24).

LaHaye voer nog 'n argument aan vir die wegrapings-teorie: “Die afwesigheid van enige vermelding van die Kerk in die res van Openbaring dui daarop dat dit nie meer op die aarde is tydens die Verdrukking nie. Daar is sestien verwysings na die Kerk in Openbaring 1-3, terwyl hoofstukke 6-18, wat betrekking het op die Verdrukking, nie een keer melding maak van die Kerk nie” (*Revelation Unveiled*, bl. 100). Dit is inderdaad 'n verregeaande verklaring, aangesien die hele hoofstuk van Openbaring 12 praat van die Kerk en Openbaring 19:7-9 duidelik die Kerk se komende huwelik met Jesus Christus uiteensit, soos ons dit later sal bespreek.

LaHaye kom spoedig by die primêre Bybelse gedeelte waarop al die voorstanders van die twyfelagtige wegrapings-teorie staatmaak. Hy skryf: “Die apostel Paulus was die spesiale skrywer wat God uitgekies het om aan die Kerk die wonderlike besonderhede van die wegraping te openbaar, wanneer al die Christene, die dooies sowel as die lewendes, 'weggevoer' (of weggeraap) sal word na die hemel om saam met Christus te wees (1 Thessalonicense 4:16-17)” (bl. 101).

Watter “wonderlike beson-

derhede” word gegee in hierdie twee verse wat die wegrapings-teorie behoort te bewys? Kom ons bestudeer die hele konteks waarbinne hierdie gedeelte is: “Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thessalonicense 4:13-18).

Wat Paulus werklik gesê het!

Die apostel Paulus is hier besig om die broeders in Thessalonika te troos omdat hulle mede-Christene kort tevore “ontslaap” of gesterf het. Hy het vir hulle gesê God sal saam met Hom (Christus) “die wat in Jesus ontslaap het” bring. Hy sê daarna: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van

'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het sal eerste opstaan” (vers 16). Openbaring 8 en 9 beskryf natuurlik die “basuinplae” van God en die ongelooflike verwoesting wat dit oor die hele aarde sal aanrig. Dan sê Openbaring 11:15 aan ons: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” Christus “sluip” dus nie in die geheim terug na die aarde om Sy heiliges “weg te raap” na die hemel toe nie. Intendeel, Sy wederkoms geskied aan die einde van die verskriklikste, aardskuddende gebeure in die geskiedenis, gebeure wat deur almal gevoel en gesien sal word!

Weereens, sê die apostel Paulus wat betref Christus se wederkoms aan ons: “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word” (1 Korinthiërs 15:51-52). Verstaan dus asseblief hierdie een sleutelfeit reg: God se heiliges, lewend of dood, sal nie opgewek of verander word tot ná die geklank van die kragtige “laaste basuin” nie. Hierdie basiese feit alleen wis die hele “wegrapings-teorie” heeltemal uit!

In Mattheüs 24:3-33 beskryf

Jesus Christus duidelik die volgorde van die gebeure wat Sy wederkoms vooraf sal gaan. Lees asseblief daardie verse baie aandagtig! Eerstens, beskryf Jesus die valse profete wat sal opstaan en “baie mense mislei” (vers 5). Dan beskryf Hy die oorlog, hongersnood, pessiektes en aardbewings wat sal volg. Sê Jesus dan aan ons dat Sy heiliges al hierdie dinge sal ontvlug? Nee! Inteendeel, Jesus sê aan ons: “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van my Naam” (vers 9). Baie ware Christene sal gemartel word voor Christus se wederkoms, nie “weggeraap” word na die hemel toe nie!

Dan voorspel Jesus die Groot Verdrukking wat so verskriklik sal wees dat “geen vlees” gered sou word nie, tensy God ingryp (verse 21-22). Daarna sê vers 29 aan ons: “En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.” Volgende verskyn die ongehooflike hemelse “tekens” en dan die glorieryke wederkoms van Jesus Christus met die “harde trompetgeluid” (vers 31) wanneer die opgewekte heiliges vir Christus, hulle Bruidgom, versamel sal word om by Hom aan te sluit, om dan saam neer te daal tot op die Olyfberg. “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.

En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg” (Sagaria 14:3-4). Laastens is Sagaria geïnspireer om aan ons te sê: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde: in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een” (vers 9).

Deur onverskillig te aanvaar dat die apostel Johannes die Kerk verteenwoordig en deur versigtig die vanselfsprekende en konsekwente betekenis van die “laaste basuin” saam met ander mistastings te omseil, probeer LaHaye 'n platform bou waarvandaan hy die “wegrapingsteorie” kan lanseer. Sy benadering is egter heeltemal onbybels. Waar het hierdie verwarrende teorie dan ontstaan?

Oorsprong van die wegrapingsteorie

Feitlik al die geleerdes erken dat die wegrapingsteorie basies onbekend was en nie verkondig is nie, totdat 'n man, genaamd John Nelson Darby, sy opwagting gemaak het. Darby was die stigter van die *Plymouth Brethren Church*. Hy het 'n stelsel van Bybelse vertolking beskryf wat “dispensasiona-lisme” genoem word. Hierdie ongewone stelsel bespiegel dat God verskillende reëls vir verskillende groepe mense op verskillende tye in die menslike geskiedenis het. Darby het verkondig dat God 'n “wet” vir die Jode gehad het, maar “genade” vir die Kerk.

Later is Darby se idees verfyn en gewild gemaak deur C. I. Scofield, wat die *Scofield Reference Bible* uitgegee het.

Uit hierdie bron is die Protestantse evangelie-gesindes betower deur hierdie leerstelling, selfs al is dit so blatant onskriftuurlik.

In 'n poging om 'n vroeë oorsprong vir die wegrapingsteorie te vind, maak LaHaye melding van 'n aantal twyfelagtige verwysings wat terug gaan na 'n tyd baie eeue voor Darby. LaHaye haal byvoorbeeld uit die geskifte van ene Pseudo-Ephrem aan, hoewel hy erken dat dit moeilik is om te weet wie hierdie man regtig was of wanneer hy dit geskryf het. Hier is die aanhaling uit “Pseudo-Ephrem” wat in LaHaye se boek, *Revelation Unveiled*, gebruik word: “Waarom verwerp ons dus nie elke bekommernis van aardse optrede en berei ons voor vir die ontmoeting met die Here Christus, sodat Hy ons uit die verwarring, wat die hele wêreld oorweldig, kan trek nie? ... Al die heiliges en uitverkorenes van God word versamel vóór die verdrukking wat aan die kom is en word na die Here geneem, sodat hulle glad nie die verwarring wat die wêreld oorweldig, as gevolg van ons sondes, sal sien nie” (bl. 110).

Neem asseblief kennis dat hierdie beweerde antieke aanhaling geen Bybelse verwysing noem om hierdie idees te staaf nie en beslis nie die woord “wegraap” gebruik nie. Nog 'n vae en selfs ouer aanhaling wat LaHaye gebruik (bl. 111) kom so vroeg as 270 n.C. van Victorinus, 'n Rooms-Katolieke biskop. In 'n kommentaar oor Openbaring,

bespreek Victorinus hoe God se mense gered kan word van die plaë wat veroorsaak sal word deur die twee getuies in Openbaring 11. LaHaye sê: “In sy kommentaar oor Openbaring vergelyk hy die plaë van daardie tyd met die plaë van Levitikus en sê dan: 'Hierdie sal in die laaste dae wees wanneer die kerk weggeneem sal word'. Dit is duidelik dat Biskop Victorinus van Petau 'n briljante Bybelse geleerde was wat gedurende die derde eeu geleef het en hy het besef dat die kerk sal ontvlug voor die plaë tydens die tyd van God se toorn wat hy, volgens sy kommentaar oor Openbaring 11, aangeneem het sewe jaar sal duur. '(Hulle) sal weggeneem word' was sy manier om die wegraping van die Kerk te beskryf”.

Wat sê hierdie aanhaling van 'n antieke skrywer vir ons van die wegrapingsteorie?

Niks nie.

Hierdie aanhaling sê absoluut niks van 'n “wegraping” nie. Dit aanvaar slegs dat God se mense op een of ander manier sou ontvlug uit hierdie gevaarlike situasie. Deur te aanvaar dat hierdie antieke skrywer verwys het na die wegraping, lê LaHaye woorde in die mond van Biskop Victorinus!

Is daar vir God se mense 'n manier om tog uit die komende Groot Verdrukking te ontsnap? Wat sê die Bybel self hieroor?

'n Plek van veiligheid

Die Bybel leer duidelik aan ons dat God 'n plek van veiligheid sal voorsien, “... 'n plek wat

deur God gereed gemaak is” (Openbaring 12:6), vir sy mense gedurende die komende Groot Verdrukking. Dit sal egter nie 'n geheime “wegraping” behels nie en die getroue heiliges van God sal nie na die hemel opvaar nie. Inteendeel, God sal hulle bonatuurlik beskerm op 'n plek hier op hierdie aarde.

Nadat Jesus die traumatiese gebeure beskryf wat sal plaasvind net voor die Groot Verdrukking, sê Hy aan Sy volgelinge: “En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie” (Mattheüs 24:20-21). Jesus het nooit gepraat van 'n wegraping nie, maar eerder van die “vlug” van Sy mense. Let daarop dat ons moet bid dat hierdie vlug na veiligheid nie op God se Sabbat sal plaasvind nie, want die toekomstige vlug sal heelwat fisiese inspanning sowel as spanning vereis, net soos antieke Israel se vlug uit Egipte. Indien 'n bonatuurlike “wegraping” betrokke sou wees, sou daar geen rede tot kommer oor die Sabbat of oor die gevaar van reis gedurende die winter wees nie. Dit behoort baie duidelik te wees.

Later het Christus die apostel Johannes geïnspireer om in besonderhede te skryf oor die ware Kerk wat na 'n plek van veiligheid hier op aarde geneem sal word. Bestudeer asseblief Openbaring 12 noukeurig sodat niemand u kan verwar aan-

gaande hierdie saak nie! In Openbaring 12 openbaar Jesus 'n visie aan Johannes van 'n “vrou”, Israel, wat die Messias voortbring (verse 1-2). Dan verskyn die Satan soos 'n draak, gereed “sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het” (vers 4). Christus, die “manlike kind wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer” (vers 5) word dan in hierdie kragtige visie weggeruk na God se troon.

Vervolgens (vers 6) moes die “vrou”, nou duidelik die Nuwe-Testamentiese Kerk van God, vlug “na die woestyn ... waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is”. U kan dit maklik aan uself bewys, omdat daar nooit na die hemel as 'n “woestyn” verwys word nie! Hierdie gedeelte van die Skrif beskryf eerder die vlug van God se ware Kerk uit die sentrale gebiede van die Romeinse Ryk en van die vervolging deur die groot vals kerk, “na die woestyn”-gebied van die Italiaanse en Switserse Alpe, van 554 n.C. tot 1814 n.C! Indien ons die “dag vir 'n jaar”-begrip van die Bybelse profesieë toepas (sien Esegieël 4:6 en Numeri 14:34), sou dit 'n tydperk van 1,260 jaar behels, wat strek van die begin van die regering van die Romeinse Keiser Justinianus in 554 n.C. tot die afsetting van die laaste Heilige Romeinse Keiser, Napoleon, in 1814. Dit was gedurende hierdie 1,260-jaar periode dat die ware Bybelgelowige Christene in die grootste fisiese gevaar van hierdie verfoeilike stelsel wat deur God “Verborgenheid, die

groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde”, genoem word, verkeer het (Openbaring 17:5).

Die Groot Verdrukking begin

Daar sal teen die heel einde 'n geestelike oorlog tussen Satan en sy demone en die engele van God uitbreek. Hierdie verskriklike geestelike oorlog sal waarskynlik binne die volgende paar jaar plaasvind! Satan sal verslaan en “neergewerp [word] op die aarde ... want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:9-12). Skielik en onverklaarbaar, sal 'n bose gees op die gebied van die diermoonheid in Europa en op die leiers van die valse kerk neerdaal. Hulle sal dadelik in alle erns begin beplan vir die vernietiging van die Verenigde State van Amerika, Kanada en Brittanje! Hulle sal vinnig begin toeslaan op enigiemand wat dit sou waag om die suiwer waarheid van die Bybel te verkondig. So sal die begin van die Groot Verdrukking wees.

Op hierdie tydstip, skryf Johannes, sal Satan “die vrou vervolg”, nou duidelik die getroue Nuwe-Testamentiese Kerk van God (verse 13-16). Soos in die tipiese vervulling wat in vers 6 beskryf word, sal die kerk weer deur God gelei word om na 'n plek van veiligheid hier op aarde te vlug. “En die aarde het die vrou te hulp gekom ... en die rivier opgesluk, wat die draak [Satan, vers 9] uit sy bek uitgegooi het” (vers 16).

Omdat die waarlik ywerige Christene na 'n plek van veiligheid geneem sal word waar hy hulle nie meer kan bereik nie, word Satan “vertoorn op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooe van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou” (vers 17). Daardie swak, louwarm Christene wat “agtergelaat” word, sal op hierdie punt verskriklik vervolg word deur Satan die duiwel en sy trawante.

Sommige predikante probeer vers 17 van toepassing maak op die Joodse volk. Hierdie hele hoofstuk handel egter baie duidelik oor die “Israel van God” (Galasiërs 6:16) – aanvanklik die antieke Israel (Openbaring 12:1-4) en daarna die getroue Nuwe-Testamentiese Kerk van God – wie gedurende die Middeleeue deur God gelei is om tydens baie vervolging, met inbegrip van die Inkwisisie, uit die Heilige Romeinse Ryk te vlug (vers 6). Geliefd soos hulle is, besit die Jode nie die “getuienis” van Jesus Christus nie (vers 17) en volg hulle dit ook nie na nie. Dus is hierdie laaste “vlug” na veiligheid beslis van toepassing op God se ware Kerk!

Teen die einde van Sy bediening het Jesus Christus hierdie belangrike opdrag aan Sy mense gegee: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). Baie min belydende Christene gehoor-

saam hierdie gebod van die Seun van God! Die meeste mense woon kerke by waar Bybelse profesieë selde bespreek word en beslis nie verstaan word nie. Hulle weet nie waarvoor om te “waak” nie en stel ook nie belang om dit te doen nie. Om die waarheid te sê, die meeste hedendaagse kerkgangers weet nie hoe om te bid nie. Hulle is beslis nie besig om “dag en nag tot Hom [te] roep” soos Jesus gesê het “sy uitverkorenes” sal doen nie (Lukas 18:7). Die meeste van God se eie mense sal egter in hierdie finale Laodicéa-era van die Kerk, beïnvloed word om “lou” te wees. Die lewende Jesus Christus spreek hierdie gesindheid kragtig aan: “Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm. Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug” (Openbaring 3:15-16). Blykbaar sal lou, belydende Christene midde in die Groot Verdrukking gewerp word (verse 17-19)! Hulle is nie bereid om hulle liggame as 'n lewende offer te stel (Romeine 12:1) en hulle ten volle te onderwerp aan Jesus Christus en Sy gehoorsame lewe in hulle te laat leef nie. Wanneer die Groot Verdrukking dus begin, sal God hulle nie beskerm nie en hulle sal uiteindelik gedwing word om te kies tussen totale onderwerping aan God of die ewige dood in die poel van vuur.

Beskerming vir die getroues

God sal egter Sy getrouste

Vervolg op bladsy 15

Die Bybel teenoor die Koran: Waar is die waarheid?

Deur Wyatt Ciesielka

“Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Johannes 14:6)

“En ons stuur ... Jesus, die seun van Maria, en bevestig dit wat voor hom gekom het in die Torah: Ons het Hom die Evangelie gegee” (Sura 5:35).

Ware Christene erken die Bybel as God se onfeilbare Woord, volmaak soos dit aan Sy volk gegee is. Christene in naam het kruistogte uitgevoer en verskriklike gruweldade in die naam daarvan gepleeg – somtyds teen ander Christene wat ook slegs in naam Christene was geveg en soms die stryd gevoer teen diegene wat ander boeke as heilig geag het – hulle het geweld gepleeg wat deur die God van die Bybel as sonde beskou word.

Een boek word deur meer as 1,6 miljard mense wat vandag leef as heilig geag en beweer dat dit daardie boek is, nie die Bybel nie, wat die finale, volmaakte en onfeilbare bron van goddelike openbaring is. Daardie boek, die Koran, is ook deur die eeue heen gebruik in 'n poging om die gewelddadige optrede wat deur die Bybel en ware Christene veroordeel word as sonde, te regverdig.

Moslems en Christene behoort albei te verstaan wat die Bybel daarvoor sê. Moslems in besonder, kan dalk verras wees oor wat die Koran werklik te sê het oor die Bybel.

Die godsdiens agter die Koran

Islam is die tweede grootste

godsdiens ter wêreld. Hulle het die grootste konsentrasie aanhangers in die Midde-Ooste en Noord-Afrika, waar meer as 93% van die meer as 340 miljoen bevolking Moslems is. Die grootste getal Moslems is egter buite die Midde-Ooste, met meer as 'n miljard in Suid- en Suidoos-Asië, waar hulle ongeveer 25% van die bevolking uitmaak. Indonesië het die wêreld se grootste Moslem-bevolking, met meer as 200 miljoen aanhangers. Saoedi-Arabië, die tuiste van die godsdiens, het maar net 25 miljoen aanhangers.

Mohammed, wie deur die Moslems as die laaste profeet van God beskou word, rapporteer sy eerste openbaring in 610 n.C. – 'n openbaring wat volgens hom van die aartsengel Gabriël gekom het – waarna hy voortgegaan het om openbarings wat oor die laaste twee dekades van sy lewe strek, aan te teken. Hierdie openbarings is na sy dood in die dokument gekodifiseer wat nou bekend staan as die Koran.

Die twee hedendaagse hoofvertakkings van Islam is die Sunni en Shi'a, wat hulle verskillende geslagregisters terugspoor tot by 'n opvolgingsgeskil tussen Mohammed se

eerste volgelinge. Sjiitiese Moslems sien Mohammed se skoonseun en neef Ali, as die godsdiens se eerste regmatige kalief (godsdiensstige hoof van die staat). Sunni-Moslems aanvaar die gesag van die eerste drie leiers: Abu Bakr, Umar en Uthman wat die gemeenskap gelei het na Mohammed se dood! Die twee vertakkings verskil ook in hulle regsgeleerdheid en maak staat op verskillende *hadith* (“gesegdes” van Mohammed en sy metgeselle), wat in die tiende eeu n.C. saamgestel is om 'n presedent in godsdiensstige geskille te skep.

Hoewel Moslems erkenning verleen aan baie kenmerkende name vir God, name wat gebaseer is op verskillende goddelike eienskappe, word *Allah* hoofsaaklik deur hulle gebruik. Dit is 'n woord wat aan die Arabiere bekend was in die pre-Islamitiese tyd, soos ons kan sien uit die naam van Mohammed se vader, Abd-Allah, wat “dienaar van God” beteken. Die Koran bestaan uit 114 hoofstukke of Sura, wat elkeen veronderstel is om 'n openbaring van Allah, deur 'n engel, te wees. Dit is egter eers teen die einde van Mohammed se lewe en kort daarna opgeteken (die laaste

teks is vermoedelik geskryf gedurende die kalifaat van Umar).

'n Hele paar honderd jaar voor Mohammed is die 22 Hebreeuse boeke van die Ou Testament (in 39 verdeel in die Christelike uitgawes) en die 27 Griekse boeke van die Nuwe Testament gekodifiseer – gekanoniseer – as die Christelike Bybel. Mohammed is heel moontlik tydens sy reise saam met sy oom, 'n handelaar, onvermydelik regoor die hele Midde-Ooste blootgestel aan baie mense wat 'n belydende geloof in die Bybel gehad het met sy duidelike boodskap van een soewereine God wat in skrilte kontras was met die baie gode wat deur die verskillende Arabiese stamme aanbid was.

Alle Moslems, of dit nou Shi'as of Sunnis of ander is, ver-eer Allah as God, Mohammed as Allah se boodskapper en die Koran as Allah se volmaakte boodskap. Trouens, ten spyte van 'n aantal paragrawe wat in antieke Arabies geskryf is, nou feitlik onverstaanbaar vir moderne sprekers, beskou Moslem-geleerdes die Koran as volmaak en onverganklik. Inderdaad, die meeste Moslems beskou dit as ewig-bestaande en ongeskape, so ewig soos Allah.

Hoe doen die Koran 'n oproep vir die verspreiding van Islam? Dit laat Moslems toe om ongelowiges te bekeer of hulle dood te maak (Sura 9:5, 47:4). Deesdae het Moslems verskillende menings oor die Koran se 41 verwysings na *jihad*, 'n

Arabiese woord wat vertaal kan word as “stryd” of “geveg” in Afrikaans. Sommige mense vertolk *jihad* hoofsaaklik as 'n interne en geestelike proses, terwyl ander dit as 'n opdrag beskou om letterlik, fisiese oorlog te voer teen ongelowiges. Gedurende die eerste dekades van Islam het die Moslems inderdaad in die naam van hulle geloof oor 'n wye gebied oorlog gevoer. Dink aan die Zoroastriese gemeenskap van Persië wat reeds vir meer as 'n duisend jaar voor Mohammed gefloreer het. Ongeveer aan die begin van 635 n.C. het Moslem-weermagte voortdurend aanvalle teen Persië geloods en binne 'n geslag of twee het die meeste Zoroastrië óf die Islam geloof aangeneem, óf hulle het na Indië gevlug. 'n Soortgelyke patroon het elders in die Midde-Ooste en Noord-Afrika voorgekom, totdat die strekking van Islam uiteindelik uitgebrei het tot so ver noord as die poorte van Wenen en so ver wes as Spanje.

Interessant genoeg, is dit “die mense van die Boek”, naamlik Jode en Christene, wat nie die Koran aanvaar nie, wie onderwerp moet word daaraan en indien nodig om die lewe gebring word. Aan die Moslems word opdrag gegee: “Veg teen dié mense van die Boek wat nie [werklik] in God [Allah] en die Laaste Dag glo nie ... totdat hulle belasting betaal en instem om hulle te onderwerp ...” (Sura 9:29-30). Dit is in skrilte kontras met die Bybel se opdrag aan Christene, wat geweld of selfs haat verbied (Mattheüs 5:39-

44). Christene moet hulle vyande liefhê (Lukas 6:35) en die vrugte van die Gees in hulle lewens vertoon (Galasiërs 5:22-23). Christene verstaan dat Jesus se Koninkryk nog nie van hierdie wêreld is nie (Johannes 18:36), hulle moet die goeie nuus van Christus se wederkoms verkondig (Markus 16:15; Mattheüs 24:14) en wag vir Sy wederkoms waarna Hy sal regeer as Koning van die konings (Openbaring 19:11-16).

Die debat oor die geïnspireerde Skrif

Die Bybel leer ons dat God Sy geïnspireerde Skrif gespreek het deur goddelik uitgesoekte manne wat daartoe gedryf is deur die Heilige Gees (2 Petrus 1:19-21), dat dit *theopneustos*, of “God geïnspireerd” of “deur God ingegee” is (2 Timótheüs 3:16), dat dit waar is (Johannes 17:17) en dat dit die grondslag van alle leerstellings is (Mattheüs 4:4). Die geïnspireerde kanon van die Skrif sluit af met die ontstellende waarskuwing dat niks by die Bybel bygevoeg of weggeneem mag word nie (Openbaring 22:18-19). Dit mag nie deur enige “verdere openbaring” wat hierdie opdragte hersien of vervang, weerspreek word nie.

Wat sê Moslems hiervan? Sommige Moslems beweer dat die Bybel *oorspronklik* betroubaar was, maar dat dit op 'n stadium verdorwe geraak het. Dit is eenvoudig 'n valse en maklik weerlegbare bewering. Baie Bybelse manuskripte dateer uit *honderde* jare voor

Mohammed. Hierdie manuskripte was verder ook goed bekend in Mohammed se tyd en baie daarvan het behoue gebly tot in die moderne tyd. Die *Codex Vaticanus* en *Codex Sinaiticus* (albei circa 340 n.C. - 350 n.C.) wat pragtig behoue gebly het, die Chester Beatty Papyri (ongeveer 250 n.C.), kleiner fragmente soos die John Ryland Fragment (ongeveer 117 n.C. - 138 n.C.), die Bodmer Papyri en honderde ander afskrifte van die Nuwe Testament wat dateer uit die tyd voor Mohammed, bestaan byvoorbeeld vandag nog en getuig van die onfeilbaarheid van die Skrif.

Hierdie baie dokumente, tesame met die Dooie See-rolle, getuig van die bewaring en aantekening van die Skrif lank voor Mohammed. Dit laat ook die Moslems met 'n dilemma. Indien die beweerde korrupsie plaasgevind het voor die tyd van Mohammed, waarom verwys die Koran dan na die Bybel as die Woord van God en dring dit daarop aan dat dit nagevolg moet word (Sura 2:40-42, 75, 3:3, 71, 93, 98-99, 5:68, 6:91, 10:37, 94, 21:7, 29:45, 35:31, 46:11)? Waarom beveel die Koran Christene aan om die waarheid in die Nuwe Testament van Mohammed se tyd te vind (Sura 10:94)? Verder, indien die Nuwe Testament die woord van God is (soos verklaar word in Sura 5:46, 67, 71) en as Jesus 'n profeet van God is (soos in Sura 4:171 en elders beweer word), dan moet ons Jesus se woorde *in die Bybel* glo en gehoorsaam. Die Koran self beklemtoon die

wettigheid van die Bybel wat God aan Israel gegee het (Sura 2:40-42)! Verder leer die Koran ons dat die Woord van God nie verander kan word nie en dat dit geglo en gehoorsaam moet word (Sura 2:136, 4:136, 6:34, 10:34, 29:46).

Die Bybel bevestig dat **dit** en **geen ander** geskryfte nie, God se Woord is, aangeteken en gekodifiseer deur "heilige mense" (2 Petrus 1:21) onder inspirasie van die Heilige Gees. Soos reeds opgemerk, is die Bybel deur die eeue heen *getrou bewaar*. Twee van die honderde voorbeelde van die behoud van die Bybel is die *Codex Sinaiticus* en *Codex Vaticanus*. Hierdie pragtige en volledige Latynse Bybels is vandag nog beskikbaar en te sien in museums. Dit is twee van die oudste oorblywende en volledige Bybels en is in ongeveer 340 n.C. saamgestel, *meer as drie eeue voor die Koran*. Hierdie Bybeltekste, as dit vertaal word, is byna identies aan enige moderne *Nuwe Vertaling* of *Ou Vertaling* van die Bybel wat vandag gekoop kan word. Let op dat die *Codex Sinaiticus*, voor die tyd van Mohammed geskryf is en vir meer as 1,670 jaar op perkament behoue gebly het. Dit bestaan uit dieselfde teks as die boek Openbaring, soos hierbo vermeld, wat so eenvoudig vertaal is soos wat u dit vandag in die *Ou Vertaling* vind: "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg

waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is" (Openbaring 22:18-19).

Dit is goed bekend waar moderne byvoegings in latere vertalings van die Bybel ingesluit het, soos die bekende "*Johannine comma*" in 1 Johannes 5:7, wat valslik gebruik word om God voor te stel as 'n "drie-eenheid". Ja, God het die antieke geskryfte bewaar, sodat ons kan weet wat die waarheid van Sy geïnspireerde Woord is. Die Bybel is nie verdraai nie; intendeel, die oorspronklike teks het deur die eeue heen *akkuraat behoue gebly*. Christene het vertrou in die geloofwaardigheid van hierdie woorde en het geloof in die hoop van die opstanding en in die "boom van die lewe en die heilige stad". Die Bybel wat die Woord van God is, bevat hierdie woorde van lewe (verwys Johannes 6:63). Hierdie woorde is waar, betroubaar, finaal, volmaak en onfeilbaar. Geen ander Skrif is nodig nie en geen ander een is gegee nie.

Verlossing is beskikbaar vir almal

Die behoefte aan verlossing en die hoop op lewe na die dood, is die kerntemas in die Koran sowel as in die Bybel. Die twee boeke is nogtans onversoenbaar in hulle begrip van Jesus

Christus. Die Koran leer ons dat Jesus nie God of die Seun van God is nie, maar bloot 'n profeet. Dit is so 'n belangrike Islamitiese beginsel dat die stelling: God “verwek nie” (geneem uit Sura 112:3), teen die einde van die sewende eeu n.C. gegraveer is op die Rotskoepel in Jerusalem. Terwyl die Koran na Jesus verwys as deur God gestuur, is die Christelike Bybel uniek deurdat dit verlossing bied wat slegs kan kom deur *God wat vlees geword het*.

Mohammed het sy volgelinge gewys op baie Bybelse profesieë aangaande Jesus se koms. In Sura 3:38-48 word vertel van engele wat Sagaria, die priester (vader van Johannes die Doper) ingelig het omtrent Jesus se naderende geboorte. Die Koran vermeld dat toe hy die maagd Maria besoek het, Sagaria aan haar gesê het dat haar ongebore baba “van Allah af kom” en selfs beweer dat Hy “*die Messias, Jesus, die seun van Maria sou wees en geëer sou word in hierdie wêreld sowel as in die volgende*” (Sura 3:45). Interessant genoeg, alhoewel die Koran die feit verwerp dat Jesus die Seun van God is (Sura 19:35), verkondig die Koran wel Jesus se opstanding en dat Jesus gesê het dat Hy “weer opgewek [sou] word” (Sura 19:33-34).

In teenstelling hiermee verklaar Jesus in die Christelike Bybel dat Hy “die weg en die waarheid en die lewe” is en “niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Johannes 14:6). Die Bybel veroordeel

boonop die idee van verlossing deur enigiemand anders as deur Jesus Christus: “En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie” (Handelinge 4:12).

Waarlik, die Bybel, bekend aan Mohammed en aangeprys in die Koran, verwys voortdurend na Jesus Christus as die hoop vir verlossing. Job het die hoop uitgespreek dat hy opgewek sal word en “God sien” wanneer sy Verlosser “uiteindelik ... op die aarde triomfeer” (vgl. Job 19:25-26 NV). Jesus het verklaar dat Hy drie dae en drie nagte in die graf sou deurbring, net soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis deurgebring het (Jona 1:17; Mattheüs 12:39-40). Christus het ná Sy dood en opstanding aan talle mense verskyn (Markus 16, Lukas 24:36-51; Handelinge 1:3). Die apostels Petrus en Paulus verklaar dat Jesus Christus inderdaad uit die dood opgewek is (Handelinge 2:22-24; 1 Korinthiërs 15:1-8).

Die Bybel leer ons boonop: “... die Woord was God” en “... die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon”, dat Jesus Christus die Woord was en dat genade en waarheid deur Hom kom (Johannes 1:1-18). Die Christelike Bybel verklaar dat Jesus die God van die Ou Testament is, die “Rots” wat Israel in die woestyn gevolg het en wat die Tien Gebooie vanaf die berg Sinai gespreek het (1 Korinthiërs 10:4). Die Bybel

maak dit duidelik dat die Woord in die vlees gekom het, gebore uit 'n maagd, en enigeen wat “nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie”, gebrandmerk is as 'n “verleier en die Antichris” (2 Johannes 7). Johannes skryf dat verwerping van die Woord wat vlees geword het, 'n misleiding is wat toe “al in die wêreld” was, selfs gedurende Sy tyd (1 Johannes 4:3).

Die Koran belowe “die vuur van die hel as 'n permanente tuiste” vir diegene wat Islam verwerp (Sura 9:68), selfs terwyl dit erken dat Jesus deur God gestuur is en as sodanig geglo en gehoorsaam moet word. Christus se duidelike boodskap, aangeteken in dieselfde gekononiseerde Bybel wat deur Mohammed en die Koran aangeprys word, is dat slegs Hy, as die Seun van God en die Messias, die enigste hoop vir die hele mensdom is om redding en die ewige lewe te ontvang. Ja, deur Christus is verlossing vir **alle** mense wat Sy boodskap aanvaar en aan Hom gehoorsaam is, beskikbaar (Galasiërs 3:28-29)!

Christene het 'n Verlosser!

Jesus was *die Christus* en geen gewone profeet nie, die vervulling van alles wat in die Wet, die Profete en die Psalms oor Hom geskryf is (Lukas 24:44-46). Hierdie begrip kom vanaf die Christelike Bybel (vers 45), wat verduidelik dat Hy gely en uit die dood opgestaan het (vers 46), sodat “bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die

Vervolg op bladsy 26

Londen Roep

Die wonderwerk van D-dag

Deur John Meakin

Die wêreld het nog nooit iets soortgelyk gesien nie! Op 6 Junie 1944, na baie maande van noukeurige beplanning en met 'n geringe kans op gunstige weer, is die militêre veldtog om die nasies van Europa uit Nazi-beheer te bevry, van stapel gestuur. Die logistiese *briljantheid van Operasie Overlord*, die *grootste amfibiese aanval in die geskiedenis*, het stadig ontvou toe die Amerikaanse en Brits-geleide aanval (met Kanadese ondersteuning) op die Normandiese kus van Noord-Frankryk begin het.

Een vir die geskiedenisboeke

Die volgende paar dae sou deurslaggewend wees; indien hulle sou *verloor*, was dit te betwyfel of 'n ander inval weer gou beplan sou kon word. Nazi-divisies sou oorgeplaas word na die oostelike front wat die ewewig teen Stalin se Russiese magte sou laat kantel. Die Tweede Wêreldoorlog sou waarskynlik verleng word en die uitslag sou net onsekerder word. Indien die Geallieerdes egter sou *slaag*, sou die Nazi-stewel met geweld van Europa se keel verwyder word. Die mense sou weereens vryelik kon asemhaal en die term *D-Dag* sou in die bloed-deurdrenkte annale van die geskiedenis aangeteken word en die dapperheid, moed en persoonlike opoffering van

diegene wat betrokke was sou te alle tye onthou word.

Gedurende die voorafgaande maand het 'n lugaanval Normandië geïsoleer van die grootste deel van die Duitse magte wat elders opgestel was. Spoor- en elektroniese kommunikasie is ontstig en brûe is vernietig. Met die Franse Weerstand wat 'n sleutelrol gespeel het, is Normandië feitlik afgesny van Nazi-versterkings tydens die kritieke uur toe dit regtig saak gemaak het. Die suide van Engeland het een groot gewapende kamp geword met skynbaar 'n eindelose voorraad van toerusting en meer as 3 miljoen soldate – 2 miljoen van hulle afkomstig uit die Verenigde State.

Albei kante van die Engelse Kanaal is geblokkeer om Duitse indringing te voorkom. Die Geallieerdes het bykans totale beheer oor die see en die lugruim verkry. Mynveërs het die saamgestelde vloot van 7,000 skepe wat 130,000 weermagmanne deur mynvelde vervoer het, gelei na hulle vergaderpunte aan die Franse kus.

Op Dinsdag 6 Junie, ongeveer teen middernag, het 5,000 vragvliegtuie en sweeftuie 20,000 troepe begin neerlaat om strategiese punte in die omliggende binneland te beveilig – 13,600 Amerikaners om die westelike flank van die

landingstrande te beskerm en meer as 6,000 Britse en Kanadese soldate om die oostelike flank te beskerm. Dwarsdeur die dag het die vliegtuie versterkings en voorrade, met inbegrip van ligte tenks en veldartillerie ingebring.

Oornag is 'n ontsaglik kragtige bombardement deur duisende bomwerpers aan die kuslyn vanuit die lug ontketen en van die see se kant af deur 600 oorlogsskepe en vuurpyl-draende landingstuig. Die swaar verdedigde atlantiese muur wat versterk is deur sy kragtige artillerie en masjiengeweer stellings, sowel as sy strand hindernisse en myne, is feitlik vernietig met wisselende grade van doeltreffendheid.

Dagbreek het 'n verstommende gesig onthul: So ver as wat die oog kon sien was daar golf op golf landingstuie, volgepak met manne en militêre toerusting. Met die kuslyn wat beveilig is, het troepe op vyf strandgebiede begin land en is oor 'n 80-km lange kusgebied ontplooi. In die weste het 57,000 Amerikaanse troepe op die *Utah* en *Omaha* strande aan wal gestap. Daarna het 25,000 Britse troepe op *Gold* strand, 21,500 Kanadese op *Juno* strand en laastens in die ooste, nog 29,000 Britte op *Sword* strand geland.

Die begin van die einde

Dit het moeilik gegaan, om die minste te sê. Teen die einde van die eerste dag het die Geallieerde byna 10,000 verliese gely, óf gedood, gewond óf vermis. Die weerstand op sommige strande was min en het die ontplooiing van die gedetailleerde gevegsplanne toegelaat, maar die situasie op *Omaha* strand was 'n totale slagting met sowat 3,880 ongevallen. Slegs die dapperheid en toewyding van die troepe, verpersoonlik deur die Hollywood rolprent *Saving Private Ryan*, het die dag gedra en dit was nie voor die derde dag dat al hulle aanvanklike doelwitte bereik is nie.

Gevegte in die *bocage* binneland, die lappieskomers van velde en woude met diep paaie en hoë lanings, was verbete en vordering was stadig. Die toename van die Geallieerde magte was egter meedoënloos; teen 11 Junie het 327,000 troepe met 54,000 voertuie en 105,000 ton voorraad geland.

Die besef van die belangrikheid van veilige hawens om versterkings en voorrade aan wal te bring, het die Britte met 'n nuwe oplossing te voorskyn laat kom; hulle sou hulle eie hawens skep. Hierdie kunsmatige hawens is *Mulberries* genoem. Dit was 'n reuse onderneming en het sewe maande geneem om te bou. Dit is na Normandië gesleep en in hulle posisies gesink. Op 19 Junie het 'n hewige storm egter alles behalwe die *Mulberry* hawe by *Omaha* strand vernietig en is 'n verlies van 140,000 ton toerusting gely en vordering is met een week vertraag.

Oor die volgende paar dae is sleuteldeelwitte stadigaan bereik. Cherbourg met sy belangrike hawefasiliteite is op 25 Junie verower. Troepe het suid- en weswaarts in Bretagne inbeweeg (Bretagne is 'n kulturele gebied in die noordweste van Frankryk). Onophoudelike bombardering van Caen het uiteindelik daartoe gelei dat die stad op 9 Julie ingeneem word, maar die verliese aan die Geallieerde kant was swaar. As gevolg van die uiters intense gevegte het Duitse weerstand by St. Lo aan die einde van Julie begin verbrokkel. Die belangrikste Duitse afdelings was omsingel in 'n gebied bekend as die *Falaise Pocket* waar die Geallieerde lugoppergesag hulle die verskriklikste slagting toegedien het. Rommel se Sewende Leër is verpletter en die Slag van Normandië is gewen! Die weg was nou oop om die res van Frankryk vinnig in te neem. Teen 26 Augustus is Parys bevry. Binne nog 'n jaar sou die oorlog in Europa verby wees.

Uiteindelijke oorwinning lê voor

Wanneer die wêreld die 70ste herdenking van die D-Dag landings vier, sal baie gesê word van die persoonlike moed en opofferings van diegene wat vir vryheid en bevryding geveg het; van die ongeëwenaarde logistiese triomf en van die merkwaardige heldedaad wat uiteindelik tot 'n kwaai bestrede oorwinning gelei het. Hierdie merkwaardige, *selfs wonderbaarlike* Geallieerde oorwinning het die wêreld 'n beter en veiliger plek gemaak en 'n vrye Europa is

geskep.

Daar is egter 'n dieper geestelike betekenis verbode aan die Nazi's se nederlaag. Koning George VI het die Britse nasie gevra om te *bid vir die bevryding van Europa*. President Roosevelt het gebid vir God se seën oor “'n magtige poging, 'n stryd om ons republiek, ons godsdienste en ons beskawing te bewaar en om 'n lydende mensdom vry te maak”. God het daadie gebede verhoor. Die manier waarop alles op D-dag in plek geval het en wat alles bereik is, regverdig die woord “*wonderbaarlik*”. Die Geallieerde oorwinning was sekerlik God se oorwinning. Dit het 'n einde gemaak aan 'n Satan-geïnspireerde, okkult-besmette tirannie, wat gedink het dit sou 'n duisend jaar lank standhou. Dit het die volksmoordslagting van die Jode beëindig. Dit het die ongebondenheid en vryheid van 'n vertrapte, wanhopige en desperate Europa herstel.

Die wêreld van vandag het egter behoefte aan 'n veel groter oorwinning, een wat oorlog *vir ewig* sal vernietig en 'n einde sal maak aan die lyding en ellende wat oorlog nog steeds veroorsaak. Hoe dankbaar kan ons nie wees nie dat God daardie oorwinning spoedig sal gee deur die verwydering van Satan, die duivel, die groot aanhitser van oorloë en wat die hele wêreld mislei (Openbaring 12:9; 20:1-3). Hy sal Sy Seun, Jesus Christus, terugstuur om Sy regverdige duisendjarige heerskappy op die aarde te vestig, om uiteindelik vrede aan alle mense te bring (Jesaja 9:6-7; Openbaring 11:15). **W&M**

Klein dingetjies

Deur J. Davy Crockett III

“*Little Things Mean a Lot*” was 'n gewilde trefferliedjie wat in 1954 die eerste plek op die gewildheidslys in die VSA en die VK beklee het. As 'n gevolg hiervan het baie ander uitvoerende kunstenaars hulle weergawes van hierdie liedjie vrygestel. Ten spyte van die pragtige lirieke en 'n mooi melodie, sê die titel alles. In die lewe kyk ons dikwels na die groot gebeurtenisse of baie belangrike insidente wat 'n belangrike uitwerking of groot impak het. Dit is nogtans die klein dingetjies wat ons daagliks doen, wat verhoudings hegter maak en verbeter, fisies sowel as geestelik. Die klein welwillendhede, die bedagsame dade, die beleefd-hede en agting wat aan ander betoon word sonder om iets terug te verwag, openbaar mense se ware karakter en hulle liefde vir ander.

Dit is ook dieselfde met geestelike sake. In die Bybel vind ons instruksies vir die lewe en hulle is almal baie belangrik. Dit is baie duidelik dat ons Hemelse Vader van ons verwag om getrou te wees in die klein dingetjies, sowel as in die “gewigtiger sake”, wat in die Skrif te vinde is. Wees bedag daarop om die klein dingetjies te doen, om aan Hom te bewys dat ons Hom werklik “vrees”, wat diepe respek en ont-sag vir Sy lewenswyse beteken.

Die Bybel gee 'n aantal voorbeelde van die belangrikheid van gehoorsaamheid aan God, selfs in die klein dingetjies. Een voorbeeld is die storie van Ussa

in 1 Kronieke 13:7-10. Terwyl die Israëliete die Ark van die Verbond, 'n baie belangrike simbool van die land se verhouding met God, moes vervoer, het die osse wat die wa trek waarop die Ark was gestruikel. Instinktief het Ussa sy hand uitgesteek om die Ark te stut, om te verhoed dat dit verskuif of val. God het hom oombliklik dood laat neerslaan. Hoewel dit vandag vir ons wreed mag lyk, het God in besonderhede, spesifieke opdragte gegee oor hoe hierdie belangrike simbool vervoer moes word. Ussa het dit geweet, maar het nie die opdragte gevolg nie, wat hom sylewe gekos het.

Gelukkig sal Ussa in die opstanding die geleentheid kry om te bely en sy lewe uit te leef in gehoorsaamheid aan God. Daar is baie ander minder traumatiese voorbeelde in die Skrif van die belangrikheid van die klein dingetjies. 'n Baie sprekende voorbeeld kan gevind word in Markus 12:42-44: “En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in, dit is 'n oortjie. Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het. Want hulle het almal uit hulle oorfloed ingegooi; maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud”.

Let daarop dat Jesus nie aan Sy dissipels gesê het om die twee geldstukkies, 'n baie klein bedraggie geld, te neem en aan

die arm weduwee terug te gee nie. Dit sou 'n belediging vir haar gewees het, terwyl haar klein offer in werklikheid die grondslag was vir 'n groot les vir ons almal. In ons lewens is daar klein dingetjies wat gekontroleer en beheer behoort te word. Jakobus, die half-broer van Jesus, skryf in sy boek in die Nuwe Testament: “Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid ... Maar die tong kan geen mens tem nie” (Jakobus 3:2-8).

Met God se hulp kan 'n mens die tong in toom hou, maar dit verg voortdurende waaksaamheid om dit te vermag. Is dit vir ons belangrik om in ons daaglikse lewens ywerig te wees in die navolging van God se opdragte? Die voorbeeld van Ussa toon dat dit 'n baie ernstige saak is. Ook die wonderlike voorbeeld van die weduwee wat met haar karige offer toegewy was aan God en Sy werk, toon dat die klein dingetjies deur God raakgesien word. In der waarheid het Jesus 'n belofte gemaak wat gebaseer is op hierdie beginsel, toe Hy in Lukas 19:17 gesê het: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede”.

Wanneer u u lewe elke dag leef, onthou dat of dit fisies of geestelik is, klein dingetjies baie beteken! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 7 – Sal u agtergelaat word?

dienaars beskerm! Hy sal dit bonatuurlik doen op 'n plek hier op aarde. Presies wie sal beskerm word? God beskryf die lewenspad van Sy getrouste mense: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof in Jesus bewaar” (Openbaring 14:12). Net soos Sy ware Kerk in Openbaring 12:17 beskryf word as 'n Kerk wat die gebooe gehoorsaam, so gehoorsaam God se individuele heiliges die Tien Gebooe as 'n lewenswyse. Hulle swig nie voor die verleidende boodskap van so baie predikante, dat daar met God se geestelike wet “weggedoen” is of dat dit “aan die kruis gespyker is” nie. Die Bybel is baie duidelik hieroor!

Indien u dus die Goddelike beskerming van die Almagtige

God wil geniet in die traumatiese maande en jare wat voorlê, wees verseker dat dit nie gevestig is in 'n skielike “wegrapping” na die hemel wat enige oomblik kan plaasvind nie. Inteendeel, soos die Skrif dit baie duidelik maak, ons Skepper sal Sy getrouste mense lei om te weet wanneer en waarheen om te vlug net voor die Groot Verdrukking begin. Hulle sal bonatuurlik hier op aarde beskerm word op 'n plek van God se keuse. Na die Groot Verdrukking sal die “laaste basuin” weerklink “en die dooies sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word” (1 Korinthiërs 15:52; vergelyk ook 1 Thessalonicense 4:13-17).

Daar sal geen “geheime wegrapping” van die heiliges wees nie. Die kragtige trompetgeskalm van God sal die aarde skud

voordat die heiliges van God opgewek word! Mag God u en u geliefdes help om te verstaan en om gewillig te wees om u aan die lewende Jesus Christus te onderwerp sodat Hy Sy gehoorsame lewe in u kan leef deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Die apostel Paulus is geïnspireer om aan ons te sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Mag u deur Christus in u, waarlik leer om met God te wandel en die ware beskerming te hê wat die Almagtige God so duidelik aan Sy ware heiliges belooft. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 22 – Het u vlam gevat?

teer ons gedagtes en harte en kan aan ons Christelike karakter skade berokken.

Satan doen sy bes om ons te mislei en minder sensitief te maak. “Dit is nie só sleg nie”!, of “daar is maar net drie of vier 'slegte tonele' in”! Ware Christene wat God liefhet en daarna streef om Hom te gehoorsaam, sal nie verskonings soek om kwaad te duld nie. Hulle

sal eerder hulle oë, ore en gedagtes ver daarvan weghou (Psalm 97:10). Hulle sal “liefhê wat goed is” (Amos 5:15) en probeer om hulle lewens te vul met dinge wat waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik, loflik, deugsaam en lofwaardig is (Filippense 4:8). Diegene wat daarna streef om as Christene te lewe, moet die standaard van sedelikheid verbeter en só optree

dat hulle dade nie hulle woorde weerspreek nie en eerder 'n “voorbeeld van goeie werke” word (Deuteronomium 6:6-8; Titus 2:7-8).

Namate die samelewing vlam vat vir *Hunger Games*, behoort Christene eerder “vlam te vat” vir God se lewensweg en om Sy volmaakte, heilige en regverdige karakter te ontwikkel.

WvM

U kan profesie verstaan!

Deur Richard F. Ames

Bybelprofesie is nie net 'n raaisel wanneer u die lewensbelangrike beginsels aanleer om die versteekte waarhede in die bladsye van u Bybel te ontdek nie!

Mense wou nog altyd meer van die toekoms weet en hulle probeer elke moontlike bron raadpleeg, behalwe die Bybel. Koerante met 'n hoë sirkulasie publiseer dikwels 'n horoskoop. Die idee is dat u geboortedatum op een of ander wyse u karaktertrekke en profetiese gebeure op sekere tye van die jaar bepaal en dit word vermoedelik weer bepaal deur die ligging van sterrebeelde in die hemel.

Sommige mense betaal mediums om 'n kristalbal te lees en probeer soms om met dooies te kommunikeer. Ander mense lees Tarot-kaarte vir profetiese verduidelikings. Miljoene mense kyk na séances, *channeling* en sterrekunde vir krag en insig. Hulle hou hulle besig met die okkulte en soek antwoorde by waarsêers en mistici. Hulle hou selfs samesyn met hekse, mediums en towenaars. Sal al hierdie dinge God se wil vir u openbaar? Natuurlik nie! God noem hierdie gebruike 'n gruwel (Deuteronomium 18). Daar is 'n wêreld van geestelike misleiding. God sê aan ons dat Satan die duiwel die hele wêreld mislei (Openbaring 12:9). Hy het biljoene mense mislei. God kan ons egter help om dwarsdeur die planne en misleiding van die duiwel te sien.

Bybelprofesie is vir baie mense opwindend, maar 'n paar

Bybelprofesieë mag dalk moeilik wees om te verstaan. Die boeke van Daniël en Openbaring beeld verskeie simbole en beeldspraak uit. Die bekende Vier Ruiters van die Apokalips simboliseer verwoesting en misleiding (Openbaring 6:1-8). Die Dier van Openbaring 13 wat uit die see oprys, het sewe koppe en tien horings. Die Dier van Openbaring 17 wat uit die afgrond verrys het ook sewe koppe en tien horings, maar die Dier word deur 'n hoer gery. Die apostel Johannes skryf wat hy in 'n visie sien: "... en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (Openbaring 17:5).

Watter ander verwarrende profetiese simbole sien ons in die Bybel? Hoe kan ons die Skrif se geheimsinnige simbole en die ingewikkeldheid van Bybelprofesie verstaan? In hierdie artikel sal ons kortliks 'n paar belangrike beginsels in aanmerking neem vir begrip van die profesieë in die Bybel.

Vertrou die Skrif om die Skrif te interpreteer

Waarheen behoort u u te wend om die waarheid te leer? Jesus het in Sy innige gebed die nag voor Hy gekruisig is, vir Sy dissipels gebed: "Heilig hulle in u

waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17). God se Woord, die Bybel, is waarheid. Dit is die geskrewe Woord van God. Indien u die toekoms wat God vir u en vir die hele mensdom beplan het wil verstaan, behoort u na die Bybel te gaan en nie na waarsêers en mediums nie.

Die boek Openbaring bevat simboliese taal en gee 'n beskrywing van die verheerlikte Messias, die Seun van die mens, wat tussen sewe kandelare staan. Ons lees: "En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag" (Openbaring 1:16). Wat simboliseer die sterre en kandelare? Ons hoef nie te raai nie; die Bybel self gee aan ons die betekenis! "... die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes" (vers 20).

In Bybelse simboliek word engele sterre genoem en kandelare is kerke. Die skrywer van Openbaring, of die Apokalips, gaan in die volgende twee hoofstukke voort om God se boodskap en vermaning aan

die sewe gemeentes in Klein-Asië, hedendaagse Turkye, te skryf. Die apostel Johannes het natuurlik hierdie boek teen die einde van die 1ste eeu n.C. geskryf.

U is waarskynlik vertrouwd met die verhaal van koning Nebukadnésar se droom. Die profeet Daniël is voor koning Nebukadnésar geroep en het die groot beeld in die koning se droom beskryf: “U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mensehande* 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het” (Daniël 2:31-34).

Wat het hierdie standbeeld gesimboliseer? Daniël sê aan koning Nebukadnesar: “... **ú** is die hoof van goud” (vers 38). Daniël se profesie openbaar vier historiese wêreldryke. Nebukadnésar se Babiloniese ryk sou vervang word met die Medo-Persiese Ryk (558 v.C. – 330 v.C.), voorgestel deur die bors en arms van silwer. Die maag en bobene van brons stel die Grieks-Macedoniese Ryk van Alexander die Grote voor (333 v.C. – 31 v.C.). Die twee bene van yster stel die Romeinse Ryk voor (31 v.C. – 476 n.C.).

Laastens stel die tien tone aan die twee voete van yster gemeng met klei, 'n toekomstige herlewing van die Romeinse Ryk voor. Die geskiedenis het bevestig dat die voorspellings van hierdie vier ryke wel 'n werklikheid geword het.

Verstaan profetiese tyd-gapings

Die Evangelie van Lukas berig wat plaasgevind het terwyl Jesus Sy tuisdorp, Nasaret, besoek het en genooi is om op die Sabbat uit die Skrif te lees. “En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is: Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig. Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul” (Lukas 4:17-21).

Jesus het die boek waarin Hy gelees het reg in die middel van 'n vers toegemaak. Hy het die tweede deel van die vers, wat verwys na die dag van wraak, uitgelaat. Waarom? Omdat die res van Jesaja se profesie betrekking het op Jesus

se wederkoms wanneer die Dag van die Here, die dag van God se wraak en toorn, sal plaasvind. Ja, daar is 'n tydgaping van ongeveer 2,000 jaar tussen die vervulling van die eerste deel van die vers en die tweede deel van dieselfde vers.

Nog 'n aspek van profetiese tydgapings is die beginsel van “tweeledigheid”. Ons vind dikwels in die Bybel 'n vorige vervulling van 'n profesie en 'n later, meer klimaktiese vervulling van die profesie. Die beginsel van tweeledigheid word deurgaans in die Bybel gevind. Ons lees byvoorbeeld: “So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees” (1 Korinthiërs 15:45). Wie is die laaste Adam? Die Skrif gee aan ons die antwoord: “Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel” (vers 47). Ja, die tweede Adam is Jesus Christus.

Soos ons kan sien is profesie tweeledig en ons behoort lesse uit die geskiedenis te leer. Die vernietiging van Jerusalem deur die Romeinse leërs in 70 n.C. was net 'n versinnebeelding van die Groot Verdrukking wat nog voorlê.

Vind moderne nasies in die Bybel

Waar word die Verenigde State van Amerika in die Bybel genoem of onder watter naam kan ons dit vind? Waar kan ons Groot-Brittanje in die Skrif vind? Dit is duidelik dat die moderne name nie genoem word nie,

maar die voorsate van hierdie nasies word prominent in die Bybel vermeld.

Die Bybel praat van nasies soos Egipte, Libië en Ethiopië en dit mag u verras dat Assirië uiteindelik een van die voorste nasies in die Millennium sal wees, saam met Egipte en Israel (Jesaja 19:23). Watter nasie is dan deesdae Assirië?

In ons gratis herdrukte artikel, "*Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?*", verduidelik die *Wêreld van Môre* se skrywer, Douglas S. Winnail: "Die meeste moderne geskiedskrywers huiwer of laat na om 'n verband te sien tussen die verdwyning van die Assiriërs en die verskyning van die Germaanse stamme. Duitsland se kulturele geskiedenis en nasionale karakter ewenaar egter Assirië s'n soos geen ander nasie nie ... Wanneer die Bybel van Assirië in die eindtyd praat, word daar na Duitsland verwys. Geen ander moderne nasie pas so volmaak by die beskrywing nie". Indien u dit nog nie gedoen het nie, skryf gerus en vra u gratis afskrif van hierdie belangrike artikel aan.

U sal baie meer van eindtydse profesie kan begin verstaan wanneer u akkurate kennis het van die moderne afstammeling van antieke Bybelse nasies. Ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* sal aan u die geskiedkundige, sowel as die Bybelse inligting gee om hierdie groot nasies in profesie te kan identifiseer.

Ken God se profetiese raamwerk

Hierdie is 'n belangrike sleutel om Bybelprofesie te verstaan. Dit is 'n sleutel wat relatief min belydende Christene van weet. Die waarheid is dat Christus weer sal kom om 'n letterlike Koninkryk hier op aarde te vestig, vir 'n letterlike tydperk van eenduisend jaar. Die boek Openbaring beskryf 'n tydperk van 3½ jaar in die aanloop tot die wederkoms van Christus. Die eerste vyf seëls van Openbaring, uiteengesit in Openbaring 6, dek 'n tydperk van 2½ jaar, die Groot Verdrukking waarvan Jesus in Mattheüs 24 praat.

Die sesde seël is die hemelse tekens. Die hele wêreld sal kennis neem wanneer hierdie dinge plaasvind. Die apostel Johannes skryf: "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit" (Openbaring 6:12-14).

Die hele wêreld sal geskok en vreesbevange wees. Die mensdom sal besef dat die tyd van God se oordeel aangebreek het! Die hemelse tekens is inleidend tot die eenjarige profetiese tydperk, bekend as die Dag van die Here, waarna in

sowat dertig profesieë in die Bybel verwys word. Die Dag van die Here, in eindtydse profesieë, die tyd wat Christus se wederkoms voorafgaan, strek oor 'n tydperk van een jaar (Jesaja 34:8; 63:4), wat sal volg op die Groot Verdrukking en die hemelse tekens. Dit is die jaar van God se straf oor die nasies. Dit bereik 'n hoogtepunt met die aankondiging van Christus se wederkoms en die vestiging van die Koninkryk van God op aarde.

Dit is die opwindende goeie nuus van profesie! "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Ons behoort almal uit te sien na die wederkoms van Christus. Ons behoort geestelik gereed te wees vir daardie gebeurtenis wat voorlê. Soos u kan sien, gee die Bybel aan ons 'n algemene raamwerk vir profesieë. U behoort daardie raamwerk te verstaan!

Leer die doel van Bybel-profesie

Daar is baie godsdienstige amateurs wat wilde idees vorm en wanvoorstellings van die profesie maak. Wat is die doel van profesie? *Unger se Bybelse Woordeboek* gee die volgende waarskuwing. "Profesie is nie bedoel om die toekoms vir ydele nuuskierigheid oop te maak nie, maar vir die groter doel naamlik om lig te verskaf aan diegene

wie se geloof versterking nodig het". Benodig u geloof versterking? "Die openbaring van toekomstige gebeure mag help in tye van moedeloosheid, om hoop op te wek of te behou, om vertrouwe te versterk te midde van algemene afvalligheid en om te waarsku teen kwaad wat die gelowiges bedreig. Die voorspellings teen Babilon, Tirus, Egipte, Nineve en ander koninkryke is aan God se mense gegee om hulle te bemoedig deur aan hulle te onthul wat die lot van hulle vyande is" (*Unger's Bible Dictionary*, bl. 892).

Verstaan ook dat Bybel-profesie mense en nasies waarsku om tot bekering te kom, sodat hulle straf kan vryspring. Johannes die Doper het massas mense gedoop wat deur sy prediking geraak is. Die Evangelieskrywer, Mattheüs, beskryf wat gebeur het: "In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die

koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mattheüs 3:1-2). Jesus Christus het natuurlik later dieselfde boodskap verkondig (Markus 1:14-15). Wat was die reaksie op Johannes se prediking? "En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes" (Mattheüs 3:5-6).

Is u besig om voor te berei vir die wederkoms van Christus? Wanneer u die realiteit van Bybelse profesie begryp, sal dit u help om voor te berei! Op die dag van Pinkster, in 31 n.C., het die apostel Petrus die duisende mense in sy gehoor vermaan om hulle te bekeer en om gedoop te word (Handelinge 2:38). Petrus het die skare gemotiveer om hulle lewens te verander. Hy het gesê: "Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag. Die wat toe sy woord met blydschap aange neem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend

siele toegebring" (Handelinge 2:40-41). Indien God u gebring het tot op die punt van bekering en u die verbintenis van die doop verstaan, moet u asseblief nie huiwer om kontak te maak met een van ons verteenwoordigers by die streekskantoor die naaste aan u nie. Die besonderhede verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

Die Bybel beskryf duidelik die oordeel wat oor die Westerse nasies sal kom indien ons volhard met ons onsedelike, anti-God lewenstyl. Indien u egter die Bybelprofesie verstaan, kan u groot lyding gespaar word en God se seëninge individueel ervaar, selfs al sou God u nasie oordeel. Profesie openbaar die ontnugterende eindtydse gebeure wat binnekort voorlê, maar dit openbaar ook die goeie nuus van God se toekomstige Koninkryk. Mag God daardie wonderlike dag bespoedig! **W.V.M.**

Die Midde-Ooste in Profesie

Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Môre se Jeug

Oud kan goed wees

Deur Jonathan McNair

Die meeste jong mense stel belang in dit wat nuut is: Nuwe style, nuwe neigings, nuwe musiek en nuwe tegnologie. Op daardie gebied, is “oud” selde of ooit “cool”. Wat dan van mense? Is daar enige “ou mense” wat 'n belangrike deel van jou lewe is? Indien nie, waarom nie? Hoe kan dit wat “oud” is die jonges bevoordeel?

Die verheerliking van die jeug

Ons moderne Westerse kultuur verheerlik jonkheid. Het u al ooit opgelet wat die ouderdom van die gewildste kunstenaars is? Sou 'n 45-jarige Justin Bieber duisende gillende aanhangers na 'n konsert lok? Indien Miley Cyrus 36 was, sou sy soveel aandag ontvang het? Ons smag na vars gesigte en jong liggame op ons skerms en verhoë.

Dit is nie 'n probleem wat deur die jeug geskep is nie. Die outeur Arlene Weintraub skryf in haar boek, *Selling the Fountain of Youth*, dat anti-verouderings medisyne gedurende die laaste dekade 'n R970 miljard-per-jaar-industrie geword het. Sy beweer dat dokters wat in anti-veroudering spesialiseer 'n nuwe bedryf geskep het in die Amerikaanse kultuur, deur “baby-boomers” [babas wat net ná die oorlogsjare gebore is] te

oorreed om die proses van veroudering te vertraag en dan munt te slaan uit die diep-gewortelde afkeer daaraan om oud te word. Weintraub skryf: “Vir die nasie se 77 miljoen 'baby-boomers' wat vinnig op pad is na die Maatskaplike Sekerheidsrolle, is die idee van bejaard wees afstootlik. Hulle is die volmaakte gehoor vir die boodskap dat eenvoudige, veilige chemiese stowwe veroudering kan genees”.

Gelukkig vir diegene wat verby die advertensiegedrewe kniebuig-gesindheid kan kyk, is daar ouer mense wat 'n verborge bron kan wees om 'n jong persoon se lewe te verryk. Oorweeg 'n paar maniere waarop hulle van hulp kan wees:

Begrip

Job het gesê: “By die grys-aards is wysheid, en in lengte van dae is verstand” (Job 12:12). Ons het individue in ons midde wat dekades lank geleer het hoe om God se opdragte uit te leef. Hierdie aksie van toepassing van kennis in die daaglikse slagveld van die lewe, is wat wysheid en begrip voortbring. Wanneer ons hulle nou sien, is dit moeilik om die feit te begryp dat God besig was om met sommige ouer manne en vroue te werk sedert die tyd dat hulle

dieselfde ouderdom was as wat u vandag is. In Psalm 71 skryf Dawid: “... o God, U het my geleer van my jeug af, en tot nou toe verkondig ek u wonders. En ook tot die ouderdom en die grysheid toe – o God, verlaat my nie, totdat ek aan die *volgende* geslag u arm verkondig, aan almal wat sal kom, u mag” (verse 17-18). 'n Ouer man of vrou wat God se manier aangeleer het en dit met vrymoedigheid aan die *volgende* geslag kan leer, is 'n kragtige instrument in God se hande. Hulle deeglike begrip van God se opdrag is ook 'n goudmyn wat gereed is om deur jonger Christene ontgin te word.

Perspektief

Indien ons kan leer om dinge uit 'n ander persoon se oogpunt te sien, kan ons ons horisonne verbreed en ook baie argumente voorkom! Hoe dikwels het ons al 'n meningsverskil met 'n vriend gehad, net om te beseef dat ons die saak uit verskillende hoeke benader het en dat **albei** net 'n deel van die prentjie gevorm het? Wanneer ons vir 'n oomblik nadink oor die omvang van die perspektief wat 'n ouer persoon mag hê, veral in ons vinnig veranderende wêreld, maak ons 'n deur oop om 'n wêreld te verstaan wat heeltemal anders as ons s'n is.

Luister wanneer 'n ouer persoon vertel hoe dit was om sonder rekenaars of selfone te leef – dit kan heel insiggewend wees. Om te kan gesels met 'n bejaarde man wat 'n soldaat in Europa was tydens die Tweede Wêreldoorlog, of 'n bejaarde vrou wat tydens die Groot Depressie grootgeword het, maak ons verstand oop vir 'n wêreld wat moeilik denkbaar is. Hulle was daar! Koning Salomo praat in Prediker 11:10 van die jeug en die jonkheid as “nietigheid”. Hier beteken “nietigheid” nie “ydeldheid” nie, dit beteken net “kort”, soos in 'n asemteug. Terwyl ons jonk is, is ons lewenservaring redelik min, dus kan ouer persone aan ons die perspektief gee wat ons self nog kortkom.

Daar is ander redes waarom “oud goed is”. Ouderdom bring dikwels geduld mee en dit is algemeen bekend dat grootouers net 'n bietjie meer katterkwaad van 'n kleinkind verdra. Dit lyk of die vermoë om tyd te kan geniet, hand aan hand gaan met die ouderdom. Dit sou moeilik wees om 'n “twintigjarige” te sien rustig raak deur op 'n wiegstoel op die voorstoep te sit en kyk na wat in die wêreld aangaan. Ouderdom kan egter die behoefte om by te hou met die gejaagde tempo van ons wêreld temper.

Hoe kan ons hierdie ekstra waardering vir “ouer mense” prakties benut? Hier is 'n paar gedagtes.

Betoon eer en respek

Exodus 20:12 sê aan ons: “Eer jou vader en jou moeder”.

Met ander woorde, daar is iets wat geleer en onderrig behoort te word oor respek vir ouers. Ons leer dat hierdie beginsel van die spesifieke voorbeeld wat Hy geïnspireer het om in Levitikus 19:32 aan te teken in die algemeen geld vir diegene wat ouer as ons is. Hier word ons beveel: “Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer”. God is ernstig genoeg met die ontsag van hierdie beginsel van respek dat hy ons beveel om op te staan wanneer 'n ouer persoon ons nader! Ons sien 'n ander duidelike voorbeeld van respek vir ouer mense in Job 32:4, waar ons lees dat Elíhu, as die jongste van Job se metgeselle, gewag het tot ná Job en die ander metgeselle om te praat. “Maar Elíhu het op Job gewag met sy woorde, omdat hulle ouer was as hy”. Dit is nóg 'n goeie voorbeeld van hoe om eer en respek te betoon. Wanneer 'n ouer persoon u nader, staan u op, kyk hulle in die oë en groet, of ignoreer u die persoon? Onderbreek u ouer persone se gesprek en praat u met hulle asof hulle u maats is? Dit dui op oneerbiedigheid. Wanneer ons met respek optree, leer ons hoe om te respekteer. Wanneer ons geleer het om te respekteer, sal ons meer ontvanklik wees vir die wysheid, begrip en perspektief wat ouer mense met ons kan deel.

'n Goddelike lewe raak net beter

Die wyse koning Salomo het geskryf: “Verbly jou, o jongeling,

in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring” (Prediker 11:9). Met ander woorde, God het dit bestem dat die vroeë jare van ons lewe, jare van leer, ondersoek en ondervinding van die lewe behoort te wees, sonder die sorge wat kan ophoop wanneer ons later jare meer verantwoordelikhede het. 'n Wyse jong persoon sal ouer mense waardeer, van hulle leer, na hulle luister en hulle geselskap geniet. Hulle kan Bybelse waardes in die harte van jong mense wat deur God geroep word, vestig, totdat die tyd aanbreek vir vandag se jong mense om die volgende geslag se mentors te wees. Die Psalm-digter skryf: “Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhove van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees” (Psalm 92:13-15).

Moenie mislei word deur die popsanger wat na sy hoërskool dae verlang, die glorieryke dae, die “beste dae van die lewe” nie. Jeug is 'n goeie tyd. 'n Lewe wat egter volgens die werklike waardes geleef word, met die hulp van wyse, ouer mentors, sal net beter raak! **WtM**

Het u vlam gevat?

Deur Scott D. Winnail

Het "Hunger Games" 'n heilsame invloed op Christene, of behoort die rolprente ons 'n verposing te bied om te besin oor ons eie waardes?

"Happy Hunger Games!" is die groet uit Suzanne Collin se treffer-sensasie, *Hunger Games*. Verlede November het *Catching Fire*, die tweede rolprent in 'n reeks *Hunger Games*-rolprente wat uit vier dele bestaan, uitgeskiet tot 'n loket-treffer en het die sesde meeste inkomste vir 'n openingsnaweek in die geskiedenis behaal. Ses maande ná die vrystelling daarvan, lank nadat die meeste rolprente gekom en gegaan het en oorgeplaas is op DVD, word *Catching Fire* nog steeds in 'n paar teaters vertoon.

Aanhangers wat na die rolprent gestroom het, wens mekaar dikwels "Happy Hunger Games!" toe via tekste, tweets en sosiale media-boodskappe wanneer hulle op hulle pelgrimstog na teaters gaan. Nou wag miljoene mense op die November 2014-vrystelling van die derde rolprent in die reeks: *Mockingjay, Deel 1*. Dit lyk asof die reeks 'n gretige kultusaanhang laat ontstaan het.

Onder die aanhangers van hierdie rolprent vind ons selfs 'n paar Christen-ouers en hulle woon dit saam met hulle kinders by. Hulle waardeer die aksie-belaaide intrige en die innemende heldin wat pragtig, magtig en intelligent is en die dood ontduik, terwyl sy die verstandelik swakker en minder

aanpasbare mans rondom haar uitoorlê en lei. Hulle geniet die wortels wat voor die buiteperd gehou word. Is hierdie rolprente egter iets waarmee Christene regtig "gelukkig" behoort te wees?

Dit vind plaas in 'n toekomstige wêreld waarin *Hunger Games* afspeel in 'n wêreld waarbinne daar twee stande is: 'n Ryk, genotsugtige, regerende klas, wat die massas onderdruk en uitbuit vir hulle eie plesier. *Hunger Games* is 'n toekomstige werklikheidsrolprent wat geskoei is op die Romeinse gladiatorspeletjies. Manlike en vroulike verteenwoordigers (ouderdomme 12-18) uit twaalf werkerklas-distrikte veg teen mekaar tot die dood toe, terwyl die sadistiese elite – wat dwaas, arrogant en *voyeurs* is en oor bloed en wreedheid opgewonde raak – elke beweging met gretige afwagting dop hou. Intrige, wellus, ydelheid en brutaliteit deurdrenk die rolprente.

Die jammerlike, maar duidelike ironie is dat terwyl *Hunger Games* die rolprentgangers vra om meerderwaardig neer te sien op die selfgesentreerde en bloed-dorstige elite wat deur die rolprente uitgebeeld word, dit die rolprentgangers self is wat 'n skokkende parallelle rol vervul

en opwinding vind in die uitbeelding van bloed, geweld, intrige en die omverwerping van 'n onderdrukkende regering.

Hoe behoort ware Christene dus 'n rolprent soos hierdie een te beskou? Die antwoord kan gevind word in die bladsye van u Bybel!

Die boek Jesaja bevat God se waarskuwing aan die antieke volk van Juda. Hy het Juda beveel om hulle heidense en gewelddadige lewenswyse te verander, sodat Hy nie gedwing word om hulle te vernietig nie, 'n waarskuwing wat ook vandag op ons van toepassing is. God sê uitdruklik vir Sy mense: "Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is ... wat sy oor toestop om van geen bloedskulde te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie" sal geseën word deur Hom (Jesaja 33:15).

Wanneer ons ons verlustig in rolprentgeweld, is ons dan regtig besig om ons ore toe te stop om nie van bloedvergieting te hoor nie en ons oë te sluit om nie te sien wat sleg is nie? Ons word beveel om nie boosheid te "sien" of selfs daaraan te "dink" nie (Esegiël 20:7; Sagaria 8:17). Rolprente en ander vermaak soos video-speletjies wat ons motiveer om bloedvergieting te duld en te juig oor ander mense se gewelddadige dood, affek-

Vervolg op bladsy 15

Vrae & Antwoorde

Paradys, leestekens en hoop vir die toekoms!

VRAAG: Jesus het een van die kwaaddoeners wat saam met Hom gekruisig is belowe: “Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees” (Lukas 23:43). Wat en waar is die “Paradys” en het die kwaaddoener regtig daardie dag saam met Jesus daarheen gegaan?

ANTWOORD: Volgens die Bybel is die dooies in die graf, wagtend op die opstanding; hulle is nie in die hemel nie. Die apostel Petrus sê: “Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie” (Handelinge 2:34). Christus sê: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13).

Beteken dit dat die kwaaddoener in 'n spesiale plek genaamd “Paradys” is wat nie die “hemel” is nie? Nee, die Bybel toon duidelik waar die Paradys geleë is. Die apostel Paulus vertel van 'n man wat in 'n visioen weggeruk is na God se troon, “... dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het, wat 'n mens nie mag uitspreek nie” (2 Korinthiërs 12:1-4). Die Paradys is geleë in die teenwoordigheid van God se troon.

Wat is die Paradys? Paradys beteken 'n “tuin, 'n aangename plek, lap bome, park”, “'n mooi-omheinde stuk grond of bewaarde gebied, ... skaduryk en goed benat ... ommuur” (*Thayer's Greek English Lexicon of the New Testament*).

Die Bybel beskryf hoe dit in die Paradys is? “Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is” (Openbaring 2:7). Kyk nou na Openbaring 22:1-2: “En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies”.

Hierdie verse verwys na “die heilige stad, die nuwe Jerusalem” wat Johannes gesien het “... neerdaal van God uit die hemel” (Openbaring 21:2). Die Nuwe Jerusalem, wat uit die hemel sal neerdaal na 'n aarde wat in 'n “nuwe aarde” (2 Petrus 3:10-13; Openbaring 21:1) omskep sal wees en die Boom van die Lewe bevat. Die Paradys van God, naby of in die teenwoordigheid

van Sy troon, is 'n park of tuin wat uiteindelik gevind sal word op die nuwe aarde! Dit was egter nog nie vir die mens beskikbaar toe Christus Sy belofte aan die kwaaddoener gemaak het nie!

Het die kwaaddoener dus saam met Jesus daarheen gegaan op die dag van Sy dood? Let daarop dat Jesus Self nie na die Paradys of die hemel gegaan het op die dag van Sy dood nie. Paulus skryf: “Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte” (1 Korinthiërs 15:3-4). Christus was vir 'n volle drie dae en drie nagte verseël in die graf. Let op na wat Hy vir Maria gesê het toe sy by die graf aankom nadat Hy opgestaan het: “Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God” (Johannes 20:17).

Wat het Christus dan werklik vir die kwaaddoener gesê? Baie lesers word mislei deur foutiewe leestekens in die Engelse- en Afrikaanse vertalings van die geïnspireerde Griekse teks. Die Ou Afrikaanse Vertaling plaas verkeerdlik 'n komma tussen “jou” en “vandag” en die Nuwe Afrikaanse Vertaling begin “vandag” selfs as 'n nuwe sin. Een kommentaar verduidelik: “Die interpretasie van hierdie vers is heeltemal afhanklik van leestekens, wat geheel en al berus op menslike oordeel. Die Griekse manuskripte was tot in die negende eeu sonder enige leestekens van enige aard en daarna was daar slegs 'n kolletjie (in die middel van die lyn) om die woorde van mekaar te skei” (*Companion Bible, Appendix § 173*).

Met die regte leestekens behoort hierdie vers soos volg te lees: “Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees”. In Lukas 23:43 maak Jesus nie 'n belofte wat Hy versuim het om na te kom nie; Hy beklemtoon net dat wanneer die Paradys na die aarde kom, die kwaaddoener saam met Hom daar sal wees! **WFM**

Profesie neem

Waarom is Duitsland besig om opgang te maak?

Min mense besef deesdae dat die God van die Bybel 'n *werklikheid* is, of dat Hy 'n *plan* het en dat Hy in der waarheid die verloop van die geskiedenis lei (Daniël 4:17, 25, 35). Nog minder mense weet dat die Bybelse profesieë die toekoms van spesifieke nasies openbaar, God “maak nasies groot en laat hulle omkom; Hy brei nasies uit, en voer hulle weg” (Job 12:23; Daniel 2:21). Duitsland se onlangse opgang tot 'n dominante posisie in Europa is reeds duisende jare gelede in die Bybel *voorspel* in profesieë wat *vandag besig is om gestalte aan te neem!* Daardie antieke profesieë verduidelik die *ware betekenis* van Duitsland se opgang tot vernaamheid en waarom dit vir u nodig is om te verstaan wat in die nabye toekoms gaan gebeur.

Duitsland se merkwaardige gedaanteverwisseling

Die gedaanteverwisseling wat Duitsland gedurende die afgelope 60 jaar ondergaan het, naamlik om van armoede tot rykdom te vorder, is 'n ongelooflike prestasie! Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945, was Duitsland 'n hoop smeulende ruïnes, verslaan en afhanklik van buitelandse hulp. Die Duitsers het egter gretige leerlinge van demokrasie geword en was onwrikbare

vredesvoorstanders. As gevolg van wyse beplanning, harde werk en 'n spaarsamige lewenswyse, het Duitsland uit die as van nederlaag na vore getree, om die rykste nasie, met die sterkste ekonomie en met dominante mag in Europa te word. Duitsland se sterk ekonomie en hoë gehalte uitvoerprodukte het aan die Duitsers toenemende ekonomiese invloed in Europa besorg, sodat hulle aan ander Europese lande wat sukkel met oorwel digende skuld geld kan uitleen. Die Europese finansiële krisis was die sneller wat Duitsland gedryf het om meer selfgeldend te wees en te streef na 'n meer beduidende rol in Europa en die res van die wêreld (*Christian Science Monitor*, 30 Januarie 2012).

Alhoewel skynbaar huiwerig om te lei, is Duitsland aange moedig om “verantwoordelikheid te aanvaar” vir Europa se toekoms, wat ook 'n merkwaardige ontwikkeling is. Die Europese Unie is gestig om Duitsland aan Europa te verbind om sodoende sy aggressiewe neigings aan bande te lê en sy begeerte na oorheersing te bekamp. Die EU kan Duitsland egter nie meer terughou nie, maar is nou die roete wat Duitsland toegelaat het om na vore te tree as die dominante speler in die “groot spel” van

Europa. Duitse lenings steun sukkelende Europese nasies. Die aantal Duitse burokrate in Brussel oortref dié in Frankryk en Brittanje en Duitsland bepaal grootliks die EU-beleid (*Sunday Times*, 24 November 2013). Die Britse skrywer, Peter Hitchens, sê: “Die EU is die nuwe Duitse Ryk”. Die finansiële krisis en Duitsland se teësinnigheid om vir ander Europese lande borg te staan, het aan Duitsland die “heerskappy” gegee wat dit lank reeds begeer. Een bron het opgemerk: “Duitsland het in die stilligheid [of per ongeluk] bereik wat dit nie in staat was om deur wapengeweld te bereik nie” (*Stratfor*, 16 Maart 2010).

Onheilspellende tekens

Namate Duitsland meer “verantwoordelikheid” vir Europa aanvaar, deur fondse aan sukkelende naburige ekonomieë te verskaf, lyk dit of die Duitsers gereed is om die “leermeesters” vir Europa te wees en hulle skryf aan ander Europese nasies voor hoe om hulle begrotings te beheer en hulle lande te bestuur (*German Europe*, Beck, bl. 63). Terwyl die Duitse invloed in Brussel toeneem, besef ander nasies in Europa dat wanneer Brussel meer mag wil uitoefen, dit in werklikheid Berlyn is wat die sweep klap. Europa beleef 'n groot magsverskuiwing, van

gestalte aan

Brussel na Berlyn en van Frankryk na Duitsland, wat belangrike gevolge sal hê.

Die Europese Unie het ontstaan in 'n poging om die nasies van Europa saam te snoer as gelykes en om sodoende toekomstige oorloë te voorkom. Die Europese finansiële krisis het egter Duitsland se opkoms *bevorder* en ook *verberg* en die Duitse oorheersing het 'n hiërargie in Europa geskep, eerder as gelyke deelname. Indien 'n krisis oor die euro sou ontstaan of in die geval van 'n potensieële verbrokkeling van die EU, kan die Europese leiers reëls waaroor daar ooreengekom is, opskort en Duitsland toelaat om alleen op te tree in 'n poging om Europa te “red”. Die Duitse sosioloog Ulrich Beck, waarsku dat stappe wat deur dreigende krisisse aangevuur word “onbedoelde gevolge” kan hê en sodoende “geboorte kan skenk aan 'n *politieke monster*” (Beck, bl. 28, 50).

Duitse leiers probeer ook om Duitsland in 'n nuwe rigting te stuur, weg van sy verlede, na aanvaarding van verantwoordelikheid vir grootskaalse militêre operasies op 'n breër skaal. Duitsland se ervaring in Afghanistan het aan Duitse soldate gevegopleiding en vertroue gegee (*spiegel.de/international*, 15 Oktober 2013).

Duitse leiers stel nou voor dat aangesien Duitsland die voortou geneem het met die aanspreek van die finansiële krisis, hulle ook die voortou behoort te neem vir militêre samewerking in die verdediging van Europa (*Geopolitical Weekly*, 4 Februarie 2014; *The Times*, 9 Februarie 2014).

Profesieë neem gestalte aan

Wat is egter die werklike betekenis van Duitsland se opgang na oorheersing? Wat beteken dit vir die toekoms van Europa en die wêreld? Bybelse profesieë het lankal voorspel dat 'n “dier”-moondheid met bande met antieke Rome net voor die wederkoms van Jesus Christus, in Europa te voorskyn sal kom (Daniel 2:40-44). Hierdie Europese moondheid van “yster en klei” sal magtig maar broos wees en sal net vir 'n kort tydjie bestaan (drie-en-'n-half jaar; Openbaring 13:5, 17:10). Daar word na verwys as “die koning van die Noorde” en sal die Midde-Ooste binneval, moontlik op 'n vredessending (Daniël 11:40-43). Daar word ook na die leier van hierdie eindtydse Europese moondheid verwys as “die dier” en sy opkoms en militêre vermoëns sal die wêreld verras (Openbaring 13:1-4). Ander profesieë (Jesaja 10:5-11) dui daarop dat hierdie Europese Diermoondheid deur

Assirië, moderne Duitsland, gelei sal word en dat tien nasies hulle oppergesag sal oorgee aan hierdie sentraal georganiseerde moondheid (Openbaring 17:12-13).

In die lig van hierdie profesieë, is Duitsland se opgang in Europa kommerwekkend om dop te hou. Ulrich Beck sê: “Niemand het beplan dat dit sou gebeur nie ... Duitsland se opkoms ... is nie die gevolg van 'n geheime meesterplan nie ... dit was die onwillekeurige en onbeplande gevolg van die finansiële krisis en die vooruitsig op 'n ramp” wat Duitsland “gelanseer” het na sy dominante posisie (*German Europe*, bl. vii, 3, 54). Beck meld ook dat “die bouers van Europa” hierdie vrees vir 'n dreigende krisis, die ineenstorting van die euro of die ontbinding van die EU, kon gebruik het om Europese nasies aan te moedig om van meer oppergesag afstand te doen in 'n strewe na 'n politieke unie en 'n federale Europa (*ibid.*, bl. 28-29). Die Italiaanse Renaissance-skrywer, Niccolò Machiavelli, het opgemerk dat “die dreigende rampe geleentehede daarstel” wat aangegryp kan word deur 'n persoon met 'n drang na mag (Beck, bl. 46). 'n Dreigende krisis in Europa kan die geprofeteerde “dier” aan bewind bring.

Dit is beswaarlik toeval dat

die Duitse minister van Buitelandse Sake, Guido Westerville, ook 'n Berlynse groep van sowat tien ander nasies gevorm het om die toekoms van Europa te bespreek (*presseurope.eu*, 20 Junie 2012) en dit terwyl profesieë in Openbaring 17:12-13 en Daniël 2:43-44 aandui dat *tien konings* by die dier sal aansluit om die kern van 'n eindtydse diermoondheid in Europa te vorm. Amerikaanse

professor, Walter Russell Mead, het “by Duitsland aangedring daarop om 'n Heilige Romeinse Ryk [in Europa] te lei eerder as 'n Pruisiese verowering” (*thelocal.de*, 8 Oktober 2013), sonder om te besef dat hierdie Europese diermoondheid wat herleef het, 'n mededinger vir Amerika sal wees en deur God gebruik sal word om die goddelose nasies van Israel te straf (Jesaja 10:5-7). Oplettende waarnemers erken dat iets

beduidends besig is om in Duitsland en Europa te gebeur. Baie min mense besef egter deesdae dat God besig is om die verloop van die gebeure te lei, terwyl Hy Sy plan op aarde uitwerk. Die vraag is, *besef u* wat agter die eindtydse opkoms van Duitsland is en sal u gereed wees wanneer Christus weer kom?

—Douglas S. Winnail

Armageddon en daarna

Die mensdom ontwikkel nuwe en meer vreesaanjaende tegnologie waarmee hulle hulleself kan vernietig, terwyl politieke en sosiale spanning wêreldwyd toeneem. Sal die jare in die nabye toekoms wêreldwye kernvernietiging bring, of sal dit 'n era van permanente vrede inlui?

Sal die geprofeteerde “Slag van Armageddon” binnekort verwoesting en dood op ons planeet saai? Wat sal “Armageddon” vir u en u geliefdes beteken? Wat sal egter hierná gebeur?

U Bybel openbaar 'n skrikwekkende tyd wat voorlê – maar daar is uiteindelik hoop! Lees verder om meer te wete te kom oor hierdie wonderlike waarheid!

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 11 – Die Bybel teenoor die Koran: Waar is die Waarheid?

nasies” (vers 47).

Die Koran verkondig die vrees vir Allah, wat sondaars na die vuur van die hel sal stuur. Dit bied egter geen Verlosser wie versoening kan doen vir sondige mense wat dit nie vir hulleself kan doen nie. Diegene wat aan die God van die Christelike

Bybel gehoorsaam is, is egter diep dankbaar dat God Sy Seun gestuur het om die sondes van die wêreld weg te neem (1 Johannes 2:2), dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het, dat Hy daarna opgewek is en weer opgevaar het na Sy Vader in die Hemel, totdat Hy

“weer kom” (Johannes 14:3)! Ons kan dankbaar wees dat Hy weer sal kom, dat daar dan 'n tyd sal aanbreek wanneer almal in staat sal wees om tot hierdie kennis te kom en dat elke knie uiteindelik voor Christus sal buig (Filippense 2:9-10)! **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Bybelse Sabbat, God se jaarlikse feeste, tiendes en sekere dieetvoorskrifte (Levitikus 11) onderhou het, het baie geskiedkundiges verkeerdlik steeds gesê dat hulle die “Wet van Moses” gevolg het en dus probeer het om God se gebooe en insettinge te laat saamsmelt met die diere-offers en rituele wassings. Dit is heeltemal verkeerd en is misleidend!

'n Klein kuddetjie

Die waarheid is dat daar nog altyd 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) gelowiges is wat die leerstellings en gebruike van Christus en die Apostels volg. Sedert die Apostoliese tye is hulle egter opgespoor en vervolg en hulle is nie deur die oorgrote meerderheid van die wêreld raakgesien nie. Namate die vroeë afvalliges die bestaande kerklike strukture en die naam “Christen” oorgeneem het, is die laaste oorblywende oorspronklike Apostel geïnspireer om oor een van die afvallige leiers te skryf: “Ek het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente” (3 Johannes 9-10).

Die ware aanbidders is dus uit die plaaslike gemeentes “uitgegooi” en selfs Johannes, Jesus se geliefde vriend onder die Apostels, was nie seker of hy in staat sou wees om die situasie reg te stel nie!

Eeue later is die meeste mense nog steeds verward oor die ware godsdiens van Jesus Christus. Diegene wat Christelikheid bely is in honderde mededingende sektes en denominasies verdeel. Baie min mense verstaan egter die oorspronklike vorm van wat die Christenskap is wat Christus en Sy Apostels ons geleer en self ook uitgeleef het! Die “Christelike” wêreld is op dryfsand gebou. Die morele stelsel is kragteloos sonder die vaste fondament van God se wet. Wêreldlike magte dikteer al hoe meer die

standaarde van gedrag, wat eens die voorreg van godsdienstige leiers was.

'n Ander Jesus!

Vandag sien ons die spektakel van perverte wat toenemend belangrike poste in die regering, in die onderwys en selfs in sommige van die hoofstroom kerke oorneem! Ons sien die verskriklike statistiek van miljoene ongebore babas, wie se skedels vergruis en dan uit hulle moeders se baarmoeders gesuig word! Ons beleef 'n beskawing wat werklik besig is om uitmekaar te val. Ons is 'n gemeenskap wat binnekort direk deur die Grote God wat lewe en asem aan almal gee, gestraf gaan word.

Waarom? Hoofsaaklik omdat ons mense mislei is om in 'n “ander Jesus” te glo, omdat ons mense heeltemal met die ware God, sowel as Sy geopenbaarde leefwyse, kontak verloor het.

Jesus sê: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid [wetteloosheid] werk!” (Mattheüs 7:21-23).

Wetteloosheid?

Ja! Die godsdiens wat die naam Christelikheid aangeneem het, het die heidense konsepte en gebruike van die Babiloniese verborgenheids-godsdiens, wat 'n direkte skending van God se wet was, oorgeneem! In 2 Thessalonicense 2:7 verwys die apostel Paulus hierna as die “verborgenheid van ongeregtheid”. Hierdie valse stelsel van aanbidding is ingevoer in die plek van die eenvoudige lewenswyse wat Jesus en die Apostels verkondig het. Jesus se manier van lewe was gegrond op gehoorsaamheid aan die Tien Gebooe, met die hulp van die Heilige Gees, wat ontvang word na bekering en doop.

Ons, in hierdie Werk van die lewende God, verkondig en beoefen, na die beste van ons

vermoë en met God se hulp, dieselfde basiese "lewenswyse" as wat deur Christus en Sy Apostels verkondig is. Een van ons grondliggende leuses is: "Hervestig oorspronklike Christenskap!"

Kontak ons gerus by die streekskantoor naaste aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie

tydskrif) indien u meer van hierdie terugkeer na die "oorspronklike" Christenskap en wat dit alles behels, wil leer.



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, kanaal 263 op DStv.

Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880

of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus